


# Bybel vir Kinders

bied aan

## Ryk man, Arm man



Geskryf deur: Edward Hughes  
Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus

Vertaal deur: Yvette Brits  
Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Storie 44 van 60

[www.M1914.org](http://www.M1914.org)

*Bible for Children, PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Jesus het geweet dat baie  
van die geestelike leiers lief  
was vir geld meer as vir God.



Hy vertel hulle wat gebeur het  
met twee persone, en hoekom dit  
nutteloos is om ryk te wees sonder  
God. Geld kan nie vir jou lewe by  
God in die Hemel koop nie.



Daar was 'n sekere ryk man wat duur en deftige klere gedra het. Hy het aangetrek soos 'n koning.



3

Die ryk man het ook goed geëet. Elke maaltyd was 'n groot fees. Hy het so baie geld hy kon enigiets wat hy wou eet koop vir ontbyt, middag en aandete - of vir tussen in versnappering.



4

Voor die ryk man se huis by die hek lê daar 'n arm, siek en honger bedelaar. Sy naam was Lasarus.



5

Arme Lasarus was oortrek van swere. Dit kon 'n siekte wees. Hy kon ook snye en kneusplekke gehad het van ander mense wat gemeen was met hom. Dalk het hy swere gehad omdat hy nie goeie kos, melk, groente en vleis gehad het nie.



6

Lasarus het gehoop vir kos. Hy sou tevrede gewees het net met die krummels van die ryk man se tafel af.



7

Verdwaalde honde het soms oorgeloop na die arm hulpelose bedelaar. Hulle het aan hom geruik en aan sy wonde gelek. Niemand het omgee vir die verhongerde Lasarus nie.



8

Een oggend het Lasarus nie wakker geword nie. Die arm verhongerde, verlore bedelaar het die lewe verlaat. Lasarus was dood.



9

Vreugde het vir Lasarus begin die oomblik toe hy gesterf het. Jesus het engele gestuur om hom na Abraham te neem. Lasarus was vertroos deur God.



10

Die ryk man het ook gesterwe. Al sy geld kon nie sy lewe red nie. Wanneer die dood kom, kan niemand dit keer nie.



11

Die ryk man is begrawe. Dalk was dit 'n groot begrafnis. Dalk het die mense die ryk man geprys omdat hy slim en suksesvol was.



12

Maar hulle geprys het hom niks gehelp nie. Hy is nog steeds hel toe.



13

In die hel, het die ryk man geroep, "Vader Abraham, stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur."



14

Abraham sê: "In die lewe het jy alles gehad en Lasarus niks. Nou is Lasarus vertroos en jy is gepynig. Nie een kan die groot kloof tussen jou en ons kruis nie."



15

"Stuur Lasarus om my vyf broers te waarsku," pleit die ryk man. "Ek wil nie dat hulle in hierdie plek van pyniging beland nie."



16

Maar Abraham sê: "Jou broers het die woord van God." As die vyf broers nie in die Bybel glo nie, sal hulle ook nie glo as Lasarus vanaf die dood terugkeer nie.



17

Nadat Jesus die storie voltooi het van die ryk man en Lasarus, het die Geestelike leiers dalk vir hulle self gevra, "Is ek liever vir rykdom as vir God?" Nou weet hulle wat sal gebeur as hulle nie aandag gee aan God se woord nie.



18

Ryk man, Arm man

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 16

"Die lees van die Woord gee lig."  
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!